# BEES-BULLETIN

DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

April 2026

Feitlik elke nasie is versteur deur die kuifkop se manewales. ‘n Plan nie weldeurdag nie (soos om met totaal en al met die verkeerde beesras te boer), wat te lank aanhou (soos ‘n ou koei wat altyd dragtig is), wat geld kos (soos grootraamdiere wat te veel vreet), wat ontwrigting veroorsaak (soos bek en klouseer wat tot kwarantyn op jou boerdery lei), wat paniek saai (soos wanneer jy die eerste dier sien wat erge simptome toon), wat gedagtes verander (soos om die eerste keer die kalwers te sien van ‘n Drakensbergerbul by ‘n ander ras en die speengewig is meer as die ander bul se kalwers).

Om te weet dat jy moet verander en jy kan nie, is een ding. Om te weet jy moet verander en jy wil nie, is soos om die deur vir jou buurman oop te maak wanneer hy sy aanbod kom maak om jou plaas by jou te koop. Omdat jy nie genoeg wins maak nie, omdat iemand anders jou een voor is. Met prysneming en jy word ‘gevat’. Alweer.

Wat is die volgende plan dan? Beweidingsiklus aanpassing, korter periodes per kamp? Meer diere per kamp? Dit affekteer die groei van die diere, dit affekteer vrugbaarheid, dit vereis meer arbeid om dit te laat gebeur. Lek word self gemeng, dit is glo goedkoper. Kalwers word meer opgepas, dit is die winsmarge wat daardeur bepaal word. Die Drakensbergerkalf se speenmortaliteit is lank reeds bekend as om 1,4 % te wees. Teen 218kg gemiddelde speengewig, vir die ras, is dit presies ideaal vir die puntenerige speenkalfaankoper, wat toevallig die sinvolle insig het, of beveel word, om direk van die plaas af te koop. Naspeurbaarheid is die gonswoord, sommige mense is bang daar word op hulle gespioeneer as hulle ‘n GLN-nommer het. Die voerkraal kry nog ‘n rede om nog meer kieskeurig te wees.

Drakensbergerkalwers is gewild in die voerkraal, hulle ontwikkel spiermassa alvorens hulle ongewenste vet aanpak. Lankal bewys, en dit is ‘n feit. Vra enige bewerker van die voerkraal eindproduk, as hy eerlik is, sal hy dit beaam.

So kan ek aangaan en aangaan oor die voordele om met funksioneel effektiewe diere (die Drakensberger), te boer. Mediumraam, vrugbaar, langslewend, gehard, tande wat hou .... Mooi ook.

So het ek dit reggekry om nie oor die oorlog in die Midde Ooste te skryf nie, veel eerder oor die beste beesras wat ons almal ken, die DRAKENSBERGER.

Voorspoed, sterkte en mooi loop.

Johann Fourie

# Met dank aan FarmTalk, ons April-borg




## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Brief van die President | 1 |
| Borg: FarmTalk | 2 |
| Nuusbrokkies | 3 - 4 |
| Kondisietelling | 5 - 7 |
| Gesels met Liesel Foster | 8-9 |
| Voerkraalnommers | 10 - 11 |
| Borge | 12 |
| Stoettelers | 13 - 14 |




# Nuusbrokkies

## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in April verjaar:

- 6 April - Johann Schütte
- 19 April - WA du Randt
- 23 April - Van Zyl Naude
- 24 April - Christiaan Terblanche

**Deel asseblief jou nuus met ons!**
Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

## Kontak ons

(+27) 51 410 0974 071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
https://drakensbergers.co.za/

*Advertensies of menings uitgespreek in die nuusbrief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.*

## KUIER SAAM OP ONS Sosiale media

https://www.facebook.com/DrakensbergerSA

https://www.instagram.com/drakensbergersa/

## Unistel DNA-toetse

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

| Unistel DNA toetse | Koste per dier vir profiel (BTW ingesl.) |
|---|---|
| Normale prys vir 2026 < 30 | R 282.56 |
| Meer as 30 (-5% afslag) | R 268.43 |
| Meer as 60 (-7.5% afslag) | R 261.36 |
| Meer as 120 (-10% afslag) | R 254.30 |

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.

## NAMPO 2026

Nampo is net bietjie meer as 'n maand weg, en ons is hard aan die werk om ons stalletjie te beplan. Aangesien geen gesplete hoefdiere by Nampo mag wees nie, gaan ons stalletjie heel anders as gewoonlik lyk. Jy kan egter verseker wees dat die hart van die Drakensberger-gemeenskap steeds teenwoordig sal wees.
Ons sien uit om jou op 12 - 15 Mei by Nampo te verwelkom!

## VOLG ONS OP YOUTUBE

**Op ons YouTube-kanaal sal jy 'n verskeidenheid videos kry met raad en interessante inligting.**

**Gaan maak 'n draai by https://www.youtube.com/@drakensbergers/videos**






## Nasionale Veiling & Jaarvergadering

Die Genootskap het besluit om voorlopig die Nasionale Veiling van 2026 te kanselleer as gevolg van die BKS-situasie. Sodra daar meer duidelik oor die land se situasie is, sal ons inligting deurgee.
Die Jaarvergadering kan moontlik steeds plaasvind, en dan miskien in kombinasie met 'n praktiese evaluasie dag. Ook hierby sal ons die inligting so gou moontlik deurgee.



## SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

Die BGP2-program se tweede rondte is aan die gang. Maak gebruik van hierdie toetse om die beste uit jou beeste na vore te bring. Die koste hiervoor is R448.00 + BTW.
Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.




Padborde beskikbaar teen R1500 een (koerier uitgesluit). Ons verkoop 'n algemene Drakensberger-bord (810mm x 605mm) en jy kan dan by jou plaaslike drukker jou naam en logo laat opsit. Die bord is aan albei kante gedruk en reflekteer ook in die nag.




# KONDISIETELLING

Dr Helena Theron, Siebert Vermeulen & Dr Japie vd Westhuizen

Kondisietelling van ‘n koeikudde is ‘n maklike en vinnige hulpmiddel om bestuur te vergemaklik en potensiële probleme betyds aan te spreek. Dit kan gebruik word om aangepaste diere te identifiseer, besetting en vrugbaarheid van die koeikudde te verbeter en ook kalwingsprobleme te verminder, omdat koeie wat te vet of te maer is, ‘n groter risiko van kalfprobleme het. Die aantekening van kondisietellings is ‘n hulpmiddel om produksie en dus wins te verbeter.


## Hoe om kondisietelling te doen

Kondisietelling is ‘n aanduiding van die hoeveelheid vet aan die dier. Die diere se vetheidsgraad word visueel op ‘n skaal van 1 tot 9 gepunt, waar maer koeie dunner, skerper en benerig vertoon, terwyl vet koeie glad en blokvormig vertoon sonder ‘n sigbare skelet. Kondisietelling word dus gedoen deur te kyk tot watter graad die werwels, sitbene, draaibene, stertwortel en borsbeen met vet bedek is al dan nie (Figuur 1). Sommige telers gebruik ook die 1 tot 5 skaal met halwe tellings tussen-in, wat maklik omgesit kan word na die 1 tot 9 skaal. Kondisietelling is ‘n subjektiewe maatstaf, dus mag verskillende persone dieselfde dier ‘n verskillende kondisietelling gee.




*Figuur 1: Nuttige gedeeltes vir die bepaling van kondisietelling in vleisbees-koeie (Oklahoma State University)*

In tye van oorvloed, stoor diere oortollige energie as vet. Dit is die natuur se beskermingsmeganisme. Wanneer voer min raak, sal diere eerste vet reserwes en dan spierweefsel as energiebron gebruik. Die eerste bron van vet-energie wat benut word, is normaalweg kanaalvet (die vet om die organe) en dan onderhuidse vet. Verskille in onderhuidse vet is dus ’n goeie verwysing van die totale vet energie wat vir diere beskikbaar is voor die afbraak van spierweefsel, wat baie ernstige nadele kan inhou, en selfs permanente skade kan veroorsaak.




*Figuur 2: Spesifieke anatomiese gedeeltes wat gebruik word vir kondisietellings in vleisbeeskoeie (Aangepas vanaf Herd en Sprott, 1986)*

Deur te voel of te kyk hoeveel vet (en spier) daar oor die benige gedeeltes is, kan diere dienooreenskomstig ‘n kondisietelling gegee word (Figuur 2). Die hoeveelheid vet word ongeag ander faktore soos dragtigheid, rumenvul, ouderdom van die dier, harigheid, seisoen, produksie siklus, ens., beoordeel.



*Tabel 1: Beskrywing van kondisietellings. Die maklikste manier om kondisietelling op 'n kudde te doen, is om elke koei eerstens te beoordeel as maer, normaal of vet. Elke dier kan dan binne die groep weer in 3 verdeel word, om die uiteindelike kondisietelling te bepaal.*

| Klas | Telling (1-9) | Telling (1-5) | Sigbare Rugwerwels | Sigbare Ribbes | Stert wortel | Sigbare Bekken bene | Vet by borsbeen | Bespiering |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maer | 1 | 1 | Ja | Ja | Ingeduik, geen vet | Ja | Geen vet | Nee |
| | 2 | 1.5 | | | | | | |
| | 3 | 2 | | | | | | |
| Normaal | 4 | 2.5 | Effens | Voor | Geen vet | Ja | Geen vet | Ja |
| | 5 | 3 | Nee | Nee | | | | |
| | 6 | 3.5 | | | Bietjie | | Effens | |
| Vet | 7 | 4 | Nee | Nee | Vet | Effens | Vet | Ja |
| | 8 | 4.5 | | | Baie vet | Nee | Te veel vet | |
| | 9 | 5 | | | | | | |

## Maer: Kondisietellings tussen 1 en 3

Diere vertoon maer en benerig, met min tot baie min vet en die ribbes is sigbaar. Regs is 'n koei met diep duike om die stertwortel weens min vet.





## Gemiddeld: Kondisietellings tussen 4 en 6


Dit is die optimum kondisietelling, en kan varieer afhangend van produksie siklus en seisoen. Hierdie diere is in optimum kondisie, en dui op goeie genetika en / of goeie bestuur.





## Vet: Kondisietellings tussen 7 en 9

Oorvet koeie vertoon glad en blokvormig sonder 'n sigbare skelet. Kondisietelling van 7 is soms aanvaarbaar, terwyl koeie met kondisietellings van 8 en 9 meestal diere is wat oorgeslaan het. Vet pak ook om die stertwortel saam.





## Wanneer word kondisietellings gedoen?

Hoewel kondisietelling enige tyd op koeie (en verse) gedoen kan word, is die belangrikste tye tydens kalwing, speen van kalwers en in die begin van die laaste trimester van dragtigheid (3 maande voor kalwing).

**<u>Tydens speen</u>:** Die maklikste en goedkoopste tyd om kondisie van koeie te verbeter, is tydens die droë periode nadat sy haar kalf gespeen het.



**Kalwing**: Koeie behoort 'n kondisietelling van 5 of 6 (uit 9) te hê en verse 'n 6 tydens kalwing. Oorvet koeie het vet in die geboortekanaal wat kan veroorsaak dat kalwers vassit. Koeie wat weer te maer is, is te swak om geboorte te gee en dit kan ook geboorteprobleme veroorsaak. 'n Lae kondisietelling tydens kalwing dui op lae energie reserwes, wat melkproduksie verminder en konsepsie vertraag. Wees egter versigtig om nie kondisie te vinnig te verander in laat dragtigheid nie, aangesien die koei se kondisie neig om dieselfde te bly, maar die ongebore kalf raak swaarder, wat ook weer moeilike geboortes kan veroorsaak.

**Dekking**: 'n Lae kondisietelling tydens paring kan lei tot lae besetting. Lae konsepsie syfers kan verhoed word deur te sorg dat koeie in 'n aanvaarbare kondisie is tydens dekking.

**Bulle**: Kondisietellings op bulle is ook nodig, en bulle behoort 6 weke voor die teelseisoen reeds in optimum kondisie te wees.


## Aanbevelings

Die kudde se gemiddelde kondisietelling met kalftyd behoort 5 tot 6 (uit 9) vir volwasse koeie en 6 vir eerste kalf verse te wees, en die verlies aan kondisietelling tussen kalwing en paring moet so min as moontlik wees. Jong koeie wat nog energie gebruik vir groei, of in kompetisie is met ouer koeie, sal byvoorbeeld 'n laer telling hê as ouer koeie. Netso sal koeie met baie melk ook geneig wees tot 'n laer kondisietelling en sodra sy haar kalf speen, verbeter haar kondisie.

Koeie en verse met kondisietellings van 1 en 2 sal moeilik dragtig raak. Hulle mag dalk weer beset raak indien hulle ekstra vitamine en minerale en genoeg voer kry vir 'n opwaartse gewigstoename.

Verskille in die kondisietellings van individuele diere in 'n kudde kan 'n goeie aanduiding wees van hulle vermoëns om beter in te pas by die omgewings- en produksie-toestande. Koeie wat geneties beter aangepas by die spesifieke omgewing en produksie stelsel, sal makliker kondisie behou en ook makliker kondisie optel na die winter.

Wees pro-aktief om spesifieke doelwitte te bereik, omdat drastiese veranderinge in kondisietelling soms baie moeilik en baie duur is. Bestuur van byvoorbeeld kalfseisoene in harmonie met die natuur, aangepaste genetika, goedbestuurde weidingstelsels, strategiese aanvullingsprogramme en goeie kuddegesondheid lei tot optimale kondisietellings en beter produksie.




*Figuur 3: Diere se kondisietelling in verskillende produksie stadiums- en seisoene verskil en kan wissel tussen 3 en 7 dwarsdeur die jaar. Na kalwing is sy in 'n negatiewe energie balans, wat 'n daling in kondisietelling veroorsaak, ook soos die kalf groei en meer suip, afhangend van die omgewing en seisoen. Kondisietelling kan weer verbeter soos wat die kalf meer gras vreet en minder melk drink. Nadat die kalf gespeen is, behoort sy laat dragtig te wees en kan kondisie telling matig verhoog, sodat sy in optimum kondisie is tydens die volgende kalwing.*





# Gesels saam met Liesel Foster


Liesel Foster en Jack Human.

Ek is Liesel Foster, die jongste van die vier dogters van Jack Human. Ek woon en boer op Quaggafontein, wat in die Zastron-distrik van die suidoostelike Vrystaat geleë is. Die plaas is in 1890 deur my oupagrootjie gekoop en die plaashuis is in 1912 gebou.

My pa het in 1979 sy eerste Drakensberger-bulle by die Wagenaars van Jamestown gekoop. Ek onthou die eerste inspeksie baie goed. In daardie dae is 'n groot vuur gemaak om die brandysters warm te maak sodat die inspekteurs al die beeste wat die keuring geslaag het, kon brandmerk. Ek was seker so nege jaar oud. Die hoofrede vir die begin van 'n Drakensberger-stoet was om ons eie bulle te teel vir gebruik in die kommersiële kudde. Dit is vandag nog die geval.

In 1988 is ek aan uithouritte bekendgestel en my ouers het vir my 'n Anglo-Arab vir my 10de verjaarsdag gekoop. Daardie selfde jaar het ek my eerste 210 km Fauresmith-uithourit voltooi. Dit het die rigting van my lewe verander en my na boerdery laat draai.

Ek was bestem, soos al my susters, ouers en uitgebreide familie, om na 'n Engelse kosskool te gaan. Die naaste skool was 180 km weg in Bloemfontein. Dit sou beteken het dat ek my perd moes agterlaat, en daarom het ek geweier om te gaan. Gevolglik het ek baie meer tyd op die plaas saam met my pa deurgebring.

Ek het my tersiêre opleiding by Glen Landboukollege begin, daarna by Potchefstroom Landboukollege, en uiteindelik my PhD in Landbou aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie in Bloemfontein verwerf.







Ek is sedert 2000 voltyds op die plaas betrokke. Ek moet erken dit was baie moeiliker as wat ek aanvanklik gedink het. In 2013 het ons al ons weiding in 'n veldbrand verloor, en die droogte van 2016–17 is nog baie vars in my geheue. Deesdae lyk dit of mensgemaakte uitdagings meer aanhoudend is.

Ek het 'n klein trop "baster"-skape wat vir my groot plesier verskaf en wat 'n puris waarskynlik nagmerries sou gee. Ek paar tans my Meatmaster x Dohne-ooie met Van Rooy-ramme.

Die uitdaging is waarskynlik wat ek die meeste van boerdery geniet. Geen jaar of seisoen is dieselfde as die vorige een nie, so jy moet voortdurend heroorweeg, herbeplan en jou doelwitte aanpas. Dit is een ongelooflike werk!



*Familie begraafplaas op Quaggafontein.*











# Voerkraalkontaknommers

Hier is 'n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of 'n tweede mening of prys.

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | |
| Brandfort | Fanie van Dyk (Raadslid) 082 774 4952 | Johan Botha - 082 856 4409 - Karan |
| Vrede | Rodney Neuman | Arend Munnick - 071 540 9913 - Verskeie voerkrale |
| Ficksburg | Henk Delport (Raadslid) 083 300 1131 | Thys Fourie - 083 225 4146 -Beefmaster |
| Welkom | Christo Nel | Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker |
| Kroonstad | Gawie Roux | Michael Bezuidenhout - 073 370 7291 |
| Harrismith | Jakob Tsabalala 083 974 9706 | |
| Koppies | | Pierre Boutser - 082 499 7997 |
| Bethlehem | | Dano van Zyl - 083 385 8285 - Vleissentraal bemarker |
| **MPUMALANGA** | | |
| Volksrust | Pikkie Uys (Raadslid) 082 857 5022 | Arnold Durr – 082 902 3916 - Karan |
| Ermelo/Middel-burg | Petrus Taljaard (Raadslid) 082 493 4137 | Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan<br>David Harris 082 573 7979 – Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd |


| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **MPUMALANGA (vervolg)** | | |
| Amersfoort | | Sakkie Fourie - 082 802 2125 - Verskeie voerkrale |
| Standerton | | Pieter Swanepoel – 083 440 1423 - Chalmar en ander<br>Carel Davel - 082 331 1811 - BKB<br>PM Swart - 083 948 3345 - OVK<br>Gert du Preez - 082 449 5263 |
| **KWAZULU-NATAL** | | |
| Luneburg | Udo Beneke (Raadslid) 082 797 8088 | |
| **NAMIBIË** | | |
| Aroab | Gerrit Maritz | |
| Gobabis | | Piet de Wit, +264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker |
| **NOORD-KAAP** | | |
| Klerksdorp/Tosca | Johann Fourie (Raadslid) 082 772 7716 | |
| Kuruman | Bossie Rens | |
| Kuruman | Werner Vermeulen | Freddie Markam – 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman |
| Danielskuil | Franco Joubert | |
| Deben | Werner Vermeulen | |
| Zeerust | | Coenraad Boshoff - 078 950 5876 |



# Voerkraalkontaknommers
(vervolg)

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **NOORDWES** | | |
| Potchefstroom | Willie Landman (Raadslid)<br>083 257 8511 | |
| Louwna | Stuart Collen | |
| **GAUTENG** | | |
| Potchefstroom | Jean vd Merwe (Raadslid)<br>082 719 7521 | |
| Derby | Charlie van Schalkwyk | Barco van Niekerk -<br>072 384 9057 – Aankoper & afslaer<br>Theo Coetzee -<br>082 600 8374 |
| **KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP** | | |
| Zastron | Liesel Foster (Raadslid)<br>082 373 2427 | |
| Suid-Vrystaat & Oos-Kaap | | Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef<br>Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust<br>Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal |

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.






# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!

## PLATINUM

Voermol

GALLAGHER

## GOUD

Swift VEE

## SILWER

ZooOmics™

MOLATEK

## BRONS

LIONEL'S VETERINARY SUPPLIES

BONHEIM DRAKENSBERGER

VLEISSENTRAAL

unistel Medical Laboratories

Virbac

HOOF TRIMMING DairySmid



**BLACK FOX BF**
KLERKSDORP
Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

**BLACK HILLS BH**
POTCHEFSTROOM
Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
082 719 7521
jean@blackhills.co.za

**BLOUBOSPUT FK**
KOOPMANSFONTEIN
Francois Weideman
082 948 2161
bloubosput@gmail.com

**BLYDE DBB**
SOUTHDOWNS ESTATE
Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

**BOLLIE SS**
PAULPIETERSBURG
Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

**BONHEIM BO**
VLAKDRIF
Nelmarie van Staden
082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.com

**BRAKENJAN FD**
BRANDFORT
Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

**BUFFALO VALLEY BV**
CAROLINA
Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

**CALELA JJ**
ERMELO
Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

**CETONA C**
KLERKSDORP
PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

**DELRAM D**
FICKSBURG
Henk Delport
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

**DRAKENKRAAL DK**
PARYS
Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

**DRIE D XWX**
BARKLY-OOS
Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

**D'HOFSTEE AAD**
HEIDELBERG
Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

**FERAX RG**
BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

**FRELON F**
VREDE
Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**GRASMUNT CL**
BRANDFORT
Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

**GROENVLEI DRAKENSBERGER STOET G**
PRETORIA
Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

**GRYSHOEK PU**
VOLKSRUST
Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

**GUNNER DRAKENSBERGERS**
LEANDRA
Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

**HAASKRAAL VN**
RICHMOND
Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

**HANSEL HAS**
PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

**HENDRIK HANCKE HP**
BETHAL
Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

**HORMAN DRAKENSBERGERS CH**
BETHAL
Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

**HUGHDALE SL**
NOUPOORT
SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

**HYMGERT HN**
VREDE
Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za



## Stoettelers
(vervolg)

**INFRACOR** IR
PRETORIA
Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za

**JESUMAR** LL
DEWETSDORP
Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com

**M & M BOERDERY** MM
BETHAL
MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za

**MAMBANE** BJ
VREDE
Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com

**MOBAZA** BZ
CENTURION
Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com

**NADAU** JR
HANOVER
Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com

**NEBA** NB
VERKYKERSKOP
Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com

**NEUSBERG DRAKENSBERGERS** NBD
MIDDELBURG
Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za

**NITIQUE** NY
HANOVER
Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com

**PALMIETFONTEIN** JP
BETHAL
JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com

**PATRYSVLUG** PV
EXCELSIOR
Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com

**QUAGGAFONTEIN** QH
ZASTRON
Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com

**RAKA** JDE
CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com

**RIETKOL** R
KRUGERSDORP
Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com

**ROUVUS** GR
VENTERSBURG
Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com

**SABRIELIE** JE
BLOEMFONTEIN
Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com

**SALOME** NW
VOLKSRUST
Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com

**SAMBESI** SK
KLERKSDORP
Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com

**SSENDRA** TD
KOPPIES
JP Theunissen 079 417 2639
jptheunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za

**TALMAN** T
ERMELO
Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com

**TURFKUIL** MF
BULTFONTEIN
Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com

**VAN DYK DRAKENSBERGERS** VD
MIDDELBURG
Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com

**VERLAND** VL
AROAB, NAMIBIË
Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na

**WALDBERG** U
LUNEBURG
Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com

### BLY OP HOOGTE

Bly op hoogte van al die Drakensbergernuus – word deel van ons kommunikasiekanaal: Stuur 'n **WhatsApp** na: https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1
OF **Telegram**: https://t.me/DrakensbergerSA

